

Sondag 21 April (Opstandingsondag)

Skrifgedeelte: Psalm 16:1-11

Fokusgedeelte: Psalm 16:5, 8

'n Lewe met God bring volheid, veiligheid en geluk

Dawid beleef moeilike tye – hy is op vlug vir Saul. Om balans in die lewe te behou, het Dawid nie vasgekyk teen die probleme wat hom vasgedruk, bedreig en onseker gemaak het nie. Nee, hy het vorentoe gekyk, want hy het geweet: *die HERE is altyd deur voor my*. Sy hantering van die bedreigings word bepaal deur sy verhouding met God.

En die wese van hierdie verhouding wat Dawid met God het, sien ons in die name wat hy vir God gebruik:

- *God* – Dit wys op Hom as die Almagtige, die Sterk een. By Hom kan daar skuiling gesoek word. By Hom is daar veiligheid.
- *HERE* – Dit is sy Verbondsnaam. Hy staan in 'n persoonlike verhouding met ons. Hy het 'n ooreenkoms met ons. Deur die soenverdienste van Jesus Christus is ons nou sy eiendom. Daarom kan ons saam met Dawid sê: Daar is vir my niks goed nie, behalwe by U.
- *Here* – Meester. Hy is nie net die sterk, almagtige God nie, maar Hy is ook die Een wat in staat is – en dit ook doen – om my lewe te beplan en te rig. Ons bely dan ook Jesus Christus is ons Verlosser en Saligmaker. Hy is die Meester van ons lewens.

En so 'n verhouding met die lewende God bring ryke seëninge: In die eerste plek in my verhoudinge met ander mense – gelowiges en ongelowiges. Maar ons verhouding met God bepaal ook dat ek nie deel het aan 'n goddelose leefwyse nie. My huwelik, my gesinslewe, in my werk, in my plesier vereenselwig ons ons nie met 'n goddelose leefwyse nie.

Dawid se intieme verhouding met God bring egter vir hom seën op persoonlike gebied. Daarom kan hy met oorgawe bely:

- *Die HERE is deel van my erfenis en van my beker* – die HERE sorg.
- *U onderhou my lot* – ons vind veiligheid en sekuriteit by Hom.
- *Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi* – ons is vergenoeg, tevrede met dit wat ons het.
- *Die HERE gee my raad* – ons het dikwels raad nodig, want ons leef in 'n moeilike tyd.

Sing: Psalm 16-1:4, 5

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)